Tema: Versadig jou ware geestelike dors in Christus en Hy sal die Gees soos strome lewende water uit jou laat vloei!

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 163: 1
Votum
Seën
Sing Ps. 118 - 1: 2,12,13
Geloofsbelydenis: 12 Artikels
Sing Ps. 9 - 1: 7.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20
Sing Ps. 42 - 3: 1,5
Gebed deur oudl Christo vd Walt.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Johannes 4: 7 - 14 en Johannes 7: 37 - 44
Teksverse: Johannes 7: 37 - 39
Sing: Ps. 105 - 1: 22, 23; (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Sakramentsbediening
Sing Ps. 63 – 1: 1, 3 (ps 18 se 2 de mel)
Formulier vir die Nagmaal deur Johannes Calvyn
Sing Sb. 17 - 3: 1,2
Nagmaalbediening
Sing aan tafel: Ps. 107 - 1: 2,4
Gebed deur oudl Theo Coetzee.

Ons antwoord op die Woordbediening
Liefdegawe
Sing Sb. 8 - 2: 4,5,7,9 (Mel van Ps. 100)
Seën
Amenlied: Sb.13 - 1.

Geliefde brs en srs

Ons het verlede Sondag gehoor dat ons die vrug van die Gees in volle bloei moet dra soos God dit vir ons gee. Maar gelowiges kan so maklik verlei word om hierdie volle blom van die vrug van die Gees op verkeerde plekke en maniere te probeer vind.

Ons kan so maklik deur die invloed van die wêreld en selfs deur die invloed van gelowiges en kerke weggelei word van die waarheid en dit wat ons geestelike behoeftes waarlik bevredig. Die duiwel kan ŉ klimaat skep waarin ons dink dat ons ons geestelik dors gaan les sodat ons die volle blom van die Gees kan dra, maar intussen versmag ons van dors sonder dat ons eintlik weet! Dis gebeur gewoonlik waar die aandag meer op die mens as op Christus val!

Ons wil so graag vir die Here blom – maar ons staan by die verkeerde bron! Ons soek dit in allerhande aktiwiteite en dinge waar ons dink ons gaan kan blom – maar dit laat ons eintlik net verdroog! Want ons loop dan die enigste bron van ware volle lewe mis naamlik: Jesus Christus!

En dit is wat God vanmore vir ons kom sê: : Versadig jou ware geestelike dors in Christus en Hy sal die Gees soos strome lewende water uit jou laat vloei!

Die Here Jesus het ook in ons teksgedeelte - tydens die Loofhuttefees - die geestelike dors van die volk raakgesien en vir hulle uitkoms gebied.

Twee sake wat ons aandag vra:

1. Jesus ken ons ware geestelike behoeftes
2. Jesus versadig ons ware geestelike dors met oorvloed van die Heilige Gees

1. As iemand dors het.....Jesus ken ons geestelike behoeftes, ons geestelike dors

Die woorde van ons teksgedeelte speel af tydens die laaste dag van die Loofhuttefees. Hierdie fees is jaarliks gevier vanaf die 15 – 22 Oktober. In hierdie tyd het die volk spesiale dankoffers gebring vir 7 dae lank om die volk se verlossing uit Egipte te gedenk. In die Ou Testamentiese tyd het hulle hutte rondom Jerusalem opgeslaan en daarin gebly om hulle te herinner aan die moeilike omstandighede wat die volk moes verduur met trek deur die woestyn.
(Wysie skyfies 1 tot 3)

Op die agste dag het - tydens die Nuwe Testamentiese tyd - ‘n besonder ritueel plaas gevind. Van die water van die Siloambad met sy genesende krag is by die altaar uitgegooi.
Wys skyfies 4 – 6

Hierdie ritueel moes die volk herinner aan hoe die Here telkens vir die volk water voorsien het gedurende hulle tog deur die woestyn. Tydens hierdie seremonie is daar dan ook gebid vir goeie reën en goeie landbouseisoene.

Op hierdie besondere groot dag waar hierdie seremonie plaasvind, kom staan die Here Jesus daar op die tempelplein en roep Hy uit: As iemand dors het, laat hy na my toe kom en drink. Met die een wat in My glo sal die wees soos die Skrif sê: strome lewende water sal uit sy binneste vloei.

As iemand dors het...
Ja, jy moet eers jou dors ken voordat jy versadig kan word en die Here het die volk wou wys op die oorsaak van hulle dors. Dit is bekend dat hierdie Loofhuttefees die grootste fees van die Jode was en die rede daarvoor was: hulle het die fees – wat in die eerste plek daarop gerig was om God te dank vir ŉ goeie landboujaar en goeie opbrengste – het hulle gerig op hulle eie behoeftes vir die volgende seisoen. Daarom was die skep van die water en die offer van die water vir hulle so belangrik: God moet sorg dat ons volgende jaar weer ŉ goeie seisoen sal hê! Hulle wou net hulle aardse behoeftes bevredig hê!

Die Here Jesus het dit raakgesien. Hy het ŉ volk gesien wat weggelei is van die waarheid en wat geestelike bevrediging op die verkeerde plek gaan soek het. En daarom verklaar Hy: Ek is die water van die lewe! As jy dors het, kom drink by My! Deur in Hom te glo word jou ware en diepste dors geles: naamlik jou behoefte aan redding! Ware redding en ewige redding – Nie maar net ŉ goeie seisoen en die bede vir ŉ goeie volgende jaar nie! Want geloof in Christus is ŉ geloof gebou op die feit dat Christus klaar vir jou verlossing aan die kruis bewerk het. Jy hoef nie daarvoor te werk nie. Nee, jy kan dit dankbaar uit sy hand ontvang. Hy het dit vir jou verwerf! Hy het aan die kruis uitgeroep: Ek het dors....... Hy het geestelik en liggaamlik versmag van God se hulp en nabyheid, sodat ons nooit weer dors sou kry nie!

Meer nog: jou ontvang ware verlossing en lewe in oorvloed! Die Heilige Gees vervul so dat jy nooit weer dors sal word nie! Dat jy nooit weer sal twyfel aan jou redding en jou versorging nie! Die Gees vloei dan soos strome lewende water uit jou lewe! Dan kan jy jou volle blom dra! Wie Christus drink – hy of sy kan die volle vrug van die Gees dra – in strome van oorvloed!

Nou is die vraag br en sr, waarna dors ons? Watter behoeftes wil ek en jy vanmore bevredig?

Elke mens het 3 basiese behoeftes:
(wys skyfie 7)
Ons het buitenste sirkelbehoeftes: algemene fisiese behoeftes soos goeie gesondheid, versorging, welsyn, welvaart ens.

Dan is daar ʼn tweede binnekring behoeftes naamlik ons kritiese behoeftes: dit is ʻn behoefte aan verhoudinge. Verhoudinge met mense. Om lief te hê en lief gehê te word. Om vriende te hê, aanvaar te word, vergewe te word, vreugde te beleef ens.

Dan is daar die binneste kring van diepste behoefte: naamlik om ʼn verhouding met God te hê. Om God te ken en te weet ons is vergewe en het die ewige lewe ontvang. Om vrede te hê, vergenoegd te wees, liefde te ontvang en te gee, ens.

Hoe gaan ons gewoonlik te werk om ons behoeftes te bevredig?

Daar is twee maniere:
1. Die van buite af binne toe manier
2. Die van binne af buite toe manier.

Wys skyfie 8

Ons probeer van nature om dit op die van buite af binne toe manier te doen. Ons spandeer 85 % van ons tyd, krag en energie om die algemene behoeftes te bevredig. En ons glo dat as hierdie behoeftes voldoende bevredig is, dan sal ons goeie verhoudinge met mense kan hê. Eenvoudig gesê: as ons genoeg geld het, sal ons huweliks- en gesinslewe gelukkig wees.

Daarom spandeer ons maar 10% van ons tyd en aandag aan ons kritiese behoefte om verhoudinge met mense te bou. Ons dink as ons net ons man of vrou of kinders gelukkig sal hou – dan sal ons ook gelukkig wees.

En so spandeer ons maar 5 % van ons tyd aan ons diepste behoefte naamlik om met God ʻn verhouding te hê.

Wat is die resultaat hiervan? Ons beleef geweldige frustrasies in al drie kringe want ons bly dors! Omdat hierdie buitenste kring van behoeftes nie behoorlik bevredig word nie, nou ervaar ons ook frustrasie in ons kritiese behoeftes van verhoudinge met mense. Ook hier beleef ons frustrasies want nou is die huwelik krapperig en ongelukkig want daar is nie genoeg geld of tyd nie en dit word nou moeiliker om dit te hanteer. Want hier kry ek seer en hier maak ek ander seer en dit is nie meer so maklik om dit te hanteer nie.

Dit vloei oor na die binneste sirkel – my verhouding met God. My soeke en verstaan van verlossing! Ook dit word ʼn pynlike en selfs dodelike frustrasie – want as hierdie behoefte nie bevredig word nie, kan ek verlore gaan!

2. Jesus versadig ons dors met die oorvloed van die Heilige Gees

En daarom kom sê die Here vanmore: julle wil julle dors op die verkeerde manier bevredig. Jy kan dit nie van buite af binne toe doen nie. Dit moet van binne af buite toe gebeur.

Christus belowe: as ons in Hom glo en alles wat Hy gedoen het om ons te red en ons in verhouding met God te stel, dan sal jy soos ‘n fontein wees wat oorloop! Want Christus gee sy Gees aan ‘n mens om jou diepste behoeftes te bevredig.
Die HK sê in Sondag 20: “die Heilige Gees laat ons aan al die weldade van Christus deel”. Hy ontsluit in ons geloofslewe Christus as lewensbron en Hy laat ons in al Christus se oorvloedige bronne van liefde en genade deel. Die Heilige Gees bevredig ons van binne af buite toe. Hy versadig my met verlossing in Christus sodat ek in my verhouding met God vrede kan hê.

Ek word dus eerstens versadig met God. Met sy genade in Christus en my sy krag waarmee Hy met dra en versterk. God se belofte van hierdie innerlike vervulling beteken nie dat die ander twee sirkels se frustrasies nou ewe skielik gaan verdwyn en alles reg gaan wees in my lewe nie.. Nee, dit sal nog altyd daar wees – maar met God se krag in my kan ek nou hierdie frustrasies, pyn en teleurstelling hanteer.

Hoe gebeur hierdie vervulling van binne af met die Gees van God?
Gebeur dit met ‘n fisiese of sigbare uitstorting van die Heilige Gees op my? Is dit die sogenaamde “second blessing” waarvan die charismate praat? Of een of ander geestevervoering wat ek snaakse goed ervaar en buitengewone dinge doen?

Nee, dis ‘n gelowige oorgawe aan die leiding van die Gees in my lewe. Rom 8: 14 sê ek moet my deur die Gees van God laat lei, want dan is ek ‘ kind van God. Oorgawe aan die leiding van die Gees beteken dat ek doen wat die Here in sy Woord vir my sê. Dit kom maar neer op gehoorsaamheid. Om nie my eie wil te volg nie, maar te doen wat die Gees vir my deur die Woord sê om te doen. Ware vervulling kom wanneer ek myself verloën en die Gees my laat lei. Wanneer ek die vrug van die Gees in my lewe wil dra!

Dit gebeur in die tweede plek deur gebed. In Lukas 11: 13 sê die Here ons moet voordurend bid om vervulling met die Gees. Net soos wat ons bid vir die behoeftes in die buitenste twee kringe, moet ons bid dat die Gees altyd beheer van ons lewe neem en dat ons ons gewillig aan Hom sal onderwerp.

So, geliefdes, word jou geestelike dors versadig en word jy dan ‘n fontein van lewende water wat uitborrel waarmee jy ook ander kan voed en waarmee jy die lewe kan hanteer. Dan dra jy die vrugte van die Gees en jy leef uit die Woord van God. Dan word jou geestelik dors waarlik bevredig.

Brs en srs, die oorsaak van ons geestelike dors lê nie in die kerk wat nie aan my behoeftes voldoen nie, dit lê nie in die gebrek aan ons daaglikse behoeftes nie. Dit lê ook nie in die gebrek of tekortkoming van ons verhoudinge met mense nie. Dit lê in ons verhouding met God deur Christus ons Here.

Kom ons besef dat ons geestelik dors is en ons gaan bevredig ons dors by die regte plek en met die regte inhoud: By Christus en deur sy Gees.

Hoor dan weer die roepstem van ons Here Jesus vanuit die Ou Testament in Jesaja 55: 1: Almal wat dors het, kom na die water toe, kom koop sonder geld – wyn en melk!
Hoor sy stem as Hy daar op die laaste dag van die Loofhuttefees uitroep terwyl die priester die water offer!  Ek is die water van die lewe! As iemand dors het, laat Hy na my toe kom en drink

Hoor Hom vanmore: As jy dors het, kom drink – Glo in My en ek maak jou tot oorlopens toe vol met die Heilige Gees – strome lewende water sal uit jou lewe voortvloei!

Amen